

# St Jakobus, die Apostel
## 25 Julie

(sterf c.44)

Jakobus was deel van die Here Jesus se binnekring. Saam met sy broer Johannes en met Petrus was hy getuie van die Here se verheerliking op die Berg Tabor, en ook van die Here se doodsangs in die Tuin van Getsemané. Dit wil voorkom asof hy redelik ambisieus was en hy en sy broer Johannes het die bynaam 'Boanerges' oftewel die 'seuns van donder' gehad. Jesus het egter geweet hoe om sy vurige karakter op die regte pad te lei. Waar hy voorheen miskien net aan sy eie loopbaan gedink het, word hy 'n ware en opregte verkondiger van die Evangelie en was hy die eerste onder Jesus se dissipels om sy lewe vir die Waarheid af te lê.

#afrikaanskatoliek